# HTS JOHN VORSTER

# HIERDIE DOKUMENT MOET ALTYD AAN DIE HAND VAN DIE LEERDERGEDRAGSKODE SOOS OP DIE SKOOL SE WEBBLADSY GEPLAAS IS, GELEES WORD.

**GEBRUIKAANWYSINGS VIR DIE 4-VLAKPUNTESTELSEL**

***Vir ouers om te weet:***

1) Kontroleer daagliks u kind se positiewe en negatiewe punte op die D6-toep. Maak bemoeienis met u kind rakende sy/haar inskrywings.
2) Die positiewe en negatiewe stelsels werk afsonderlik van mekaar.
3) Vlak 1- en 2-oortredings is waar remediëring toegepas word.
4) Vlak 3- en 4-oortredings lei tot opvoedkunde gesprekke en in ernstige gevalle ‘n tribunaal.
5) Puntetoekennings (per oortreding) is as volg:

| | |
|---|---|
| Vlak 1 | -1 |
| Vlak 2 | -2 |
| Vlak 3 | -3 |
| Vlak 4 | -4 |

6) Enige navraag oor ‘n vlak 1-oortreding moet aan die persoon gerig word wat die inskrywing toegeken het. Vir vlak 2-, 3- en 4-oortredings moet die dissiplinekantoor gekontak word.
7) Met vlak 3- en 4-oortredings word ouers per uitnodiging genooi vir ‘n opvoedkundige gesprek /tribunaal saam met die Beheerliggaam se dissiplinêre komitee. Sanksies, wat streng nagekom moet word, kan aan ‘n leerder toegeken word,.
8) Indien ’n ouer ’n skriftelike uitnodiging na BL-gesprekke kry, en die ouer woon nie die vergadering by nie (sonder verskoning by die dissiplinekantoor), sal die vergadering voortgaan sonder die ouer en leerder se teenwoordigheid en insette en verdere stappe, bv. ’n kontrak t.o.v. verdere toelating, kan geneem word.

**Belangrik op te weet:**

**‘n Leerder kan enige tyd na ‘n tribunaal genooi word - afhangende van die erns van die oortreding.**

*Hoe werk die 4-vlakstelsel?*

| **Oortreding** | **Aksie** |
|---|---|
| Vlak 1- en 2-oortreding | Remediëring. Ouers en onderwysers is deel van die remediëringsproses. |
| Vlak 3- en 4-oortreding | Leerders wat hul skuldig maak aan dié tipe oortredings, word onmiddellik genooi vir ’n ondersteuningsgesprek met die BL/tribunaal, ongeag die leerder se vorige oortredings of negatiewe punte. |
| Leerder bereik 20 negatiewe punte | Ouers word skriftelik in kennis gestel. |